

# 14

## JY SOEK NA JOU DOOD

### *Dwelms*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat dwelms lewensgevaarlik is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet –

- weet dat die misbruik van dwelms, alkohol en enige ander verslawende middel gevaarlik is en tot hulle dood kan lei;
- die verskil kan aantoon tussen gebruik en misbruik;
- besef die *gebruik* van verslawende middels is nie sonde nie;
- onthou die *misbruik* van verslawende middels is dodelik en sondig; en
- verstaan waarom enige ander misbruik ook sonde is.

##### **Gesindheid**

- Die kinders moet dankbaar wees dat God hulle besonders geskape het.
- Die kinders moet bereid wees om hulle liggame op te pas.
- Hulle moet enige begeerte om iets te misbruik, weerstaan.
- Hulle moet almal wat verslawende middels gebruik, kan waarsku.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- saam met hulle ouers van die internet af 'n lys maak van die nadele van dwelms;
- dodelike dwelms kan opnoem en identifiseer;
- dwelmgebruikers kan identifiseer;
- maats wat hulle weet dwelms gebruik, kan waarsku oor die nadele; en
- professionele hulp kan inroep of laat inroep om dwelmgebruikers te help.

## MEER INLIGTING (2 Korintiërs 6: 14 – 7: 1)

God se kinders en ongelowige mense kan nie op dieselfde manier lewe nie. Omdat God hulle so besonders geskape het, behoort sy kinders uit dankbaarheid teenoor Hom hulle liggame op te pas en nie dinge te doen wat skadelik en sondig is nie.

Afhanklikheid van alkohol, dwelms en enige verslawende middels is die gevolg van die misbruik van goed wat die Here geskape het om vir 'n goeie doel aangewend te word. Waar trek 'n mens die streep tussen gebruik en misbruik?

Die gebruik van wyn en bier was 'n aanvaarde praktyk in die Bybelse tyd. Ons lees in Johannes 2 dat Christus self water in wyn verander het, terwyl Paulus byvoorbeeld vir Timoteus aanraai om nie net water te drink nie, maar ook 'n bietjie wyn vir chroniese maagprobleme (1 Timoteus 5: 23). Hieruit moet ons dus aflei dat drank en drankgebruik op sigself nie sleg of sonde is nie. Die probleem is dat mense nie altyd kan onderskei tussen gebruik en misbruik nie. In baie gevalle gryp mense na drank en pille en dwelms, en misbruik dit. Onder streng toesig van dokters kan middels wat verslawende bestanddele bevat, in presies die regte hoeveelhede gebruik word. Dit maak 'n mens dan gesond. Dit is nie misbruik nie. Dit is verantwoordelike gebruik. Daarvoor dank ons die Here.

Die liggame van God se kinders word vergelyk met 'n tempel van die Here. In die tyd van die Bybel was die tempel die plek waar mense bymekaar gekom het om God te aanbid. Van die tempel het hulle geglo dat dit die plek is waar God teenwoordig is. As jy vir God wil ontmoet, as jy met Hom wil praat of aan Hom 'n offer wil bring, dan moet jy dit by die tempel gaan doen. Dit is waar God is. Dit is sy woonplek. In hierdie tempel was nie plek vir afgode nie, want God wil die enigste God in sy kinders se lewens wees.

Wanneer ons in die Bybel lees dat ons liggame tempels van God is, beteken dit dat Hy in ons liggame is en dat daar in die tempels alleen plek is vir God en nie vir ander gode of enige skadelike ding nie. Daarom moet ons ons liggame oppas en dit nie besoedel met die misbruik van allerhande dinge nie.

'n Groot gevaar wat ons liggame kan besoedel, is dwelms. Dit besoedel nie net ons liggame nie, maar kan 'n mens selfs doodmaak. Jou liggaam raak verslaaf aan dwelms. Jy kan later nie meer daarsonder nie. Hierdie dwelms neem jou liggaam oor. Dit vergiftig jou hele menswees. Dwelms kan jou doodmaak! Dit neem ook alles wat mooi is uit jou lewe uit weg. Die mooi verhouding wat daar is tussen jou en jou ouers, jou vriende en jou familie word besoedel. Mense wat van dwelms afhanklik geword het, verander so in hulle optrede dat mense wat vroeër hulle vriende was en baie maal ook hulle familie, niks meer met hulle te doen wil hê nie. Mense wat van dwelms afhanklik geword het, skuif alles wat mooi is uit hulle lewens uit weg. Hulle skuif later ook vir God weg totdat hulle niks meer met Hom te doen wil hê nie. So maak hulle van hulle liggame, wat 'n tempel van God moet wees, 'n broeiplek vir *ander gode* wat hulle lewens oorneem, naamlik dwelms.

Mense wat aan dwelms verslaaf is, sal enigiets doen om dwelms in die hande te kry. Hulle steel. Hulle verkoop van hulle besittings. Hulle jok, besteel en bedrieg ander mense, en ook hulle ouers. Hulle kan selfs moord pleeg om geld in die hande te kry omdat hulle nie meer sonder dwelms kan klaarkom nie. Hulle liggame wat 'n tempel van God moet wees en waar

God die enigste God moet wees, verander in 'n plek waar God nie is nie. Hulle skuif God uit hulle lewens uit, en maak die afgod van dwelms deel van hulle. Saam met hierdie dwelms kom daar soveel ander dinge in hulle lewens dat hulle later heeltemal van God, hulle familie, hulle vriende en hulle norme en waardes vergeet. Niks maak meer saak nie, solank hulle net dwelms kan kry.

Die meeste dwelmslawe het gedink dat hulle net eenmaal dwelms gaan gebruik om te voel watter uitwerking dit het. Selfs een maal se probeer is lewensgevaarlik. Een keer se gebruik van dwelms is genoeg om 'n mens daarvan afhanklik te maak. Jy word vasgevang in 'n web waar jy net meer en meer dwelms nodig het, en later kan jy nooit weer daarsonder nie, totdat dit jou so vergiftig dat jy sterf. Net met een keer se dwelmgebruik kan jy jou doodsvonnis teken.

Die Here se kinders moet uit dankbaarheid teenoor Hom hulle liggame oppas. Die Here wil hê dat ons gesond moet leef – gesond eet, gereeld oefen, ensovoorts. Ons liggame is tempels van God, en so moet ons dit respekteer. Ons moet onself nie besoedel met dwelms en sterf nie, ons moet voortdurend bekeer en bly lewe.

In hierdie tempel van God, my liggaam, is daar geen plek vir dwelms nie, wat ons ook ander gode kan noem. Die verbond, die ooreenkoms wat daar tussen ons en God is, is dat Hy ons God sal wees en dat ons verantwoordelik dankbaar teenoor Hom sal lewe vir wat Hy vir ons doen en gee. Omdat God vir ons goed is en so baie doen, moet ons wegbly van dit wat sleg, nadelig en verkeerd is. Dit beteken dat ons sal wegbly van dwelms af.

## **AANBIEDING**

### **JY HET NODIG**

- Die Bybel.
- Stel 'n toets uit Les 12 op met ongeveer 20 punte vir HET HULLE ONTHOU?
- 'n Skootrekenaar met internet.

### **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 271: 2 as gebed.

*Heil'ge Jesus, hoor my bede:  
Hervorm my hart, my krag, my rede;  
maak my al meer u beeld gelyk.  
Vorm my wil en ook my wandel,  
dat in my denke, spreke, handel  
in alles slegs u beeld sal blyk.  
Herskep opnuut, o Heer,  
my lewe tot u eer.  
Heil'ge Jesus,  
o heilig my,  
wil U my lei  
om my geheel aan U te wy. Amen.*

## HET HULLE ONTHOU?

- Laat hulle die volgende in hulle boeke voltooi. Vra rond en bont wat hulle geskryf het.
  - 'n Erediens is 'n *gesprek* tussen ons en God.
  - God praat met ons deur *die Skriflesing* en *die preek*, en ons antwoord daarop met ons *gebed* en *sang*.
  - Wat is die funksie van ons sang in die erediens? Met ons sang *loof* ons God, ons *bely* ons skuld voor Hom, *vertel* van sy genade, en sê ook vir Hom *dankie* vir alles wat Hy vir ons doen en dat Hy vir ons sorg.
  - Ons moet deelneem aan die erediens deur *saam te sing* en in ons harte *saam te bid*.
  - Vir God gaan dit nie daaroor dat ons *mooi* kan sing nie, maar dat dit wat ons sing *opreg* is en uit ons *harte* kom.
- Laat hulle die 20-punt-toets skryf oor Les 12 se werk.

## VANDAG LEER ONS

### BEGIN SO

Ons liggame is 'n tempel van God. Dit beteken dat God in ons of by ons woon, en dat ons Hom dien ook met die manier waarop ons na ons liggame omsien, dit oppas en daarvoor sorg. Omdat God aan ons hierdie liggaam gegee het, moet ons dit oppas en dit nie besoedel nie. Mense doen baie dinge waardeur hulle hulle liggame besoedel en afbreek. Dit is nie wat God wil hê nie. Dikwels kan hierdie dinge waarmee mense hulle liggame afbreek, lei tot hulle dood. Een van hierdie dinge is dwelms.

### IETS INTERESSANT

Maak 'n bondige opsomming van MEER INLIGTING en bied dit aan.

### IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende:

Lees 2 Korintiërs 6: 14 – 7: 1. Beklemtoon dat ons ons liggame, wat God se tempel is, besoedel as ons dwelms misbruik.

- Ons liggame is 'n tempel van God wat Hy goed geskape het.
- Uit dankbaarheid moet ons dit goed versorg en gesond hou.
- Misbruik van dwelms maak 'n mens siek en takel jou liggaam af.
- Mense wat verslaaf raak aan dwelms, word in 'n web vasgevang waaruit hulle later nie kan loskom nie.
- Wanneer mense hulle liggame besoedel met byvoorbeeld dwelms, kan dit tot hulle dood lei.

## IETS OM TE DOEN

Laat hulle uit kolom A dit wat pas by kolom B met mekaar verbind.

A	B
My liggaam is 'n tempel van God	Ek pas my liggaam op en sorg daarvoor
Gelowiges en ongelowiges	lewe nie op dieselfde manier nie
God se kinders	lewe soos wat Hy van hulle vra
Ongelowiges se	lewens is lelik en vol sonde

Laat hulle die regte woord kies.

1. Met dwelms *besoedel* ons ons liggame.

<b>besoedel</b>	versterk	versier
-----------------	----------	---------

2. Ons liggame is 'n tempel van God, en daarom is daar plek *vir God alleen*.

vir dwelms	vir afgode	<b>vir God alleen</b>
------------	------------	-----------------------

3. Dwelms kan jou *doodmaak*.

mooi maak	doof maak	<b>doodmaak</b>
-----------	-----------	-----------------

4. Mense wat dwelms misbruik, word vasgevang in 'n web waar *hulle liggame vergiftig word en waaruit hulle later nie meer kan kom nie*.

dit met hulle goedgaan	<b>hulle liggame vergiftig word en waaruit hulle later nie meer kan kom nie</b>	hulle niks nodig het nie
------------------------	---	--------------------------

5. Mense wat van dwelms afhanklik geword het, skuif naderhand *vir God* uit hulle lewe uit weg.

hulle besittings	hulle geld	<b>vir God</b>
------------------	------------	----------------

6. Mense wat dwelms misbruik, se liggame word *siek* en hulle sterf.

<b>siek</b>	mooi	gesond
-------------	------	--------

**As daar nog tyd is:** Gebruik 'n skootrekenaar en kyk saam met die kinders na dwelmverwante sake op internet onder *drugs*. Besoek gerus ook [www.jip.co.za](http://www.jip.co.za). Hier word aktuele sake op die vlak van tieners behandel. Wys altyd op die kontras tussen die goeie en die slegte.

## BY DIE HUIS

### DOEN

Laat die kinders –

- saam met hulle ouers van die internet af 'n lys maak van die nadele van dwelms;
- dodelike dwelms opnoem en identifiseer;
- gaan uitvind of daar iemand in hulle skool is wat dwelms gebruik; en
- professionele hulp, soos van die dominee, huisdokter of maatskaplike werker, inroep of laat inroep om die dwelmgebruikers te help.

### LEER

Laat die kinders gaan leer:

- Die *gebruik* van verslawende middels is nie sonde nie.
- Die *misbruik* van verslawende middels is dodelik en sondig.
- Enige misbruik is sonde.
- Misbruik is verkeerd, want ek besoedel my liggaam daarmee.
- My liggaam is 'n tempel van God wat ek goed moet oppas en versorg.
- Mense wat dwelms gebruik, het vir God uit hulle lewens uitgeskuif en dwelms belangriker gemaak as wat God is.
- Misbruik van dwelms takel 'n mens se liggaam af.
- Mense wat dwelms begin gebruik, kan in 'n web vasgevang word waar hulle net meer en meer dwelms soek en waaruit hulle later nie kan loskom nie.
- Dwelms kan tot 'n mens se dood lei.

### AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed waarin daar spesifiek vir God gevra word om ons te help om van dwelms af weg te bly en nie daarmee te eksperimenteer nie.